

Die wederkoms van ons Heer en Heiland



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Jesaja 13:6, 9; Matteus 24:30, 31; Daniël 2:34, 35; 2 Timoteus 4:6-8; 2 Tessaonicense 1:7-10.

Geheeteks:

“Die koms van die Seun van die mens sal wees soos ’n weerligstraal wat in die ooste inslaan en die hele lugruim tot in die weste verlig” (*Matteus 24:27, NAB*).

Die digter T. S. Eliot begin een van sy gedigte só: “In my beginning is my end.” Dit is kort, maar uiters kragtig, want dit is so waar. In elke begin is daar weliswaar ’n einde. Daardie waarheid vind ook weerklank in die naam Sewendedag-Adventis, waarin twee grondbeginsels van die Bybelse leer vervat is: “Sewendedag” vir die tien gebooue se Sabbat, ’n weeklikse herdenking van die sesdagskepping van alle lewe op aarde; en “Adventis,” wat op die wederkoms van Jesus dui, die vervulling van al die beloftes en hoop wat die Skrif ons gee, insluitende die een oor die ewige lewe. Die wederkoms van Jesus is in ’n sekere sin ons einde omdat dit ons gevangenskap in ’n wêreld van sonde tot ’n einde bring. Daarteenoor is die skepping ons begin. Die twee voel egter so vêr van mekaar af. Tog is die een gebeurtenis onafskeidbaar deel van die ander. Dieselfe God wat ons geskep het (*Joh. 1:1-3*), gaan weer kom. Skielik, “in ’n oomblik, in ’n oogwink, by die laaste basuin” (*1 Kor. 15:52, NAB*) is ons uiteindelijke redding hier. Die einde lê inderdaad in die begin. Hierdie week praat ons oor die heellaaste eindtydgeurtenis, wel, die heel laaste een waar dit die teenswoordige wêreld aangaan: Die wederkoms van ons Heer en Heiland, Jesus Christus.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 30 Junie.*

Die dag van die Here

'n Mens is geneig om die leerstelling oor die wederkoms van Jesus as 'n suiwer Nuwe-Testamentiese verwickeling te beskou. Tog is dit 'n wanopvatting. Ja, Jesus moes weliswaar eers aarde toe kom, sterwe, uit die dood opstaan en hemel toe vaar – voordat ons 'n beter en volronder begrip oor die wederkoms as waarheid kon hê. Net soos dit ook met baie ander Nuwe-Testamentiese gebeure die geval is, bied die Ou Testament ons 'n voorsmakie, d.m.v. skadubeelde, van die wederkomswaarheid – lank voordat dit uiteindelik plaasvind. Met die leerstelling oor die wederkoms van Christus gee die Nuwe-Testamentiese skrywers ons nie 'n nuwe waarheid nie. Inteendeel, dit is bloot die uitbou van 'n waarheid wat alreeds in die destydse Skrif (d.w.s. die Ou Testament) opgeteken is. Eers nou, na die kruisiging en opstanding van Jesus, is ons in staat tot 'n meer volledige begrip oor, en 'n beter waardering van, die wederkoms.

Lees die volgende teksverse. Wat sê dit vir ons oor die wederkoms van Jesus? *Jes. 13:6, 9; Sag. 14:9; Dan. 12:1.*

Vir diegene wat verlore gaan, sal “die dag van die Here” ongetwyfeld verwoesting, hartseer en verwarring bring. Vir die kinders van die Here, vir dié wie se name wel “in die boek van die lewe opgeskryf staan,” gaan dit egter 'n dag van verlossing wees (*lees ook Fil. 4:3, Op. 3:5, 13:8*). Hierdie tema – waar “die dag van die Here” die uitstort van God se oordele oor die goddelose, enersyds; en die beskerming en beloning van God se getroue kinders, andersyds, beteken – is eie aan die Ou Testament. Let op die volgende voorbeeld in Sefanja. Hoewel party aan die ontvangkant van “die gloed van die toorn van die Here” is, is daar ook diegene wat erns maak met die oproep om “geregtigheid na te streef” en “nederigheid te soek.” Dit is diegene wat “op die dag van die toorn van die Here verborge bly” (*Sef. 2:1-3, OAB en NAB*).

Lees *Matteus 24:30, 31*. In watter opsig weerspieël hierdie skrifgedeelte dieselfde groot onderskeid tussen die verlostes en die goddelose by die wederkoms van Jesus?

Met elke nuwe eindtydgebeurtenis word ons keuse al duideliker – vir God óf vir Satan. Watter besluite kan ons nou reeds neem om te verseker dat ons aan die wenkant sal wees?

Daniël en die wederkoms van Jesus

Hoewel baie van die Jode in Jesus se tyd 'n politiese Messias te wagte was, een wat die Romeinse juk sou afwerp en Israel as die magtigste nasie op aarde sou vestig, is dit nie waaroor Jesus se aardse sending en wederkoms uiteindelik gegaan het nie. In plaas daarvan het God iets veel beter vir sy getroue kinders as 'n blote herrangskikking van politieke mag op dié ou gevalle planeet in gedagte gehad. Nêrens, sou 'n mens seker kon sê, is hierdie waarheid meer tekenend in die Ou-Testament as in Daniël 2 nie. 'n Goeie bestel kan immers nie 'n slegte as grondves hê nie. Nee, 'n goeie wêreld is iets heeltemal nuuts, 'n unieke skepping. Daniël 2 beskryf die opkoms en val van vier groot wêreldryke: Babilon, Medo-Persië, Griekeland en laastens Rome, wat dan verbroekel om die nasiestate van moderne Europa te vorm. Die beeld wat koning Nebukadnesar in sy droom gesien het ('n versinnebeelding van die opeenvolgende vier groot wêreldmoondhede) word egter op 'n skouspelagtige wyse vernietig – en dui op die reuse gaping tussen die teenswoordige wêreld en die komende hiernamaals, wat deur die wederkoms van Jesus ingelui word.

Lees Daniël 2:34, 35, 44 en 45. Wat leer ons uit hierdie teksverse oor die lot van dié ou aarde, en ook hoe die nuwe een daar gaan uitsien?

Hierdie teksverse laat 'n mens met geen twyfel nie, dit sê presies wat tydens Jesus se wederkoms gaan gebeur. In Lukas 20 vers 17 en 18 wys Jesus daarop dat Hy daardie klip is. Die oorblyfsels van al daardie wêreldryke sal Hy totaal verpletter, totdat dit in stof opgaan. Volgens die Aramese weergawe van Daniël 2:35 het die goud, silwer, klei, yster en brons, nadat dit fyngestamp is, “soos kaf op die somersdorsvloere geword – die wind het dit weggewaai en dit was nêrens meer te vinde nie.” Met ander woorde, van dié ou wêreld bly net mooi niks oor na die wederkoms nie.

Daarna word die klip, wat der laaste greintjie van die ou wêreld vermorsel het, “'n berg... wat die hele aarde volmaak” (*OAB*). Daardie koninkryk wat a.g.v. die wederkoms tot stand kom, is die een “wat nooit vernietig sal word nie,” wat “self vir altyd bestaan” (*Dan. 2:44, NAB*). Slegs een van twee lotte wag op elke mens wat nog ooit geleef het. Óf jy gaan vir ewig by Jesus wees, óf jy vergaan saam met hierdie sondige wêreld, en word soos kaf in die wind. Hoe dit ook al sy, 'n ewige lot wag op ons almal.

Langtermynvooruitsigte

Lees Titus 2:13. Wat is die groot hoop wat ons koester, en hoekom?

'n Lektor het eendag sy oortuigings oor die oorsprong van die heelal uiteengesit. “'n Klein bietjie uiters digte materie het uit die niet verskyn, en daardie materie het ontplof, en dit was uit daardie ontploffing dat ons heelal tot stand gekom het” – en dit was nou alles 13 miljard jaar gelede. Die lektor het egter nie 'n verklaring vir die onverwagse verskyning van daardie “klein bietjie uiters digte materie” gebied nie. Hy het maar aangeneem dat dit so is. Dit was dus 'n saak van geloof. Soos ons in die inleiding tot vandeeweek se les genoem het, kom 'n mens dikwels jou eindpunt by jou beginpunt teë. Om dieselfde rede, is daar geen rede tot hoop in ons eindpunt nie, ten minste nie op die lange duur nie. Die heelal, wat uit daardie “klein bietjie uiters digte materie” tot stand gekom het, is 'n gedoemde plek omdat dit uiteindelik sal doodloop, en daarmee saam alle lewe, wat natuurlik die mensdom insluit. Die Bybelse leer oor die oorsprong van die ganse heelal, daarenteen, is nie net meer logies as die aangebode siening nie, maar gee 'n mens darem heelwat meer hoop. Danksy die God van alle oorspronge, het ons op die lange duur minstens iets om na uit te sien. Ons het 'n groot toekoms hoop, een wat op die belofte steun dat Jesus weer sal kom.

Lees 2 Timoteus 4:6-8. Waarvan praat Paulus hier, en wat is die grondslag van sy hoop?

Hoewel Paulus hier op die punt was om tereggestel te word, het hy verlossingsekerheid; en ook 'n wederkomshoop, want hy sluit homself in by diegene “wat sy verskyning liefgehad het” (2 Tim. 4:8, OAB). “Die kroon van die geregtigheid” wag vir hom, maar dit is beslis nie sy eie geregtigheid nie (1 Tim. 1:15), maar dié van Jesus, die geregtigheid waarop Paulus weet dat sy wederkomshoop steun. Ten spyte van sy onmiddellike omstandighede, wat by regte as uiters tragies beskryf kan word – in die tronk as 'n vonnisafwagterende terdoodveroordeelde – besef Paulus dat sy langtermynvooruitsigte besonder goed is. Die rede vir sy groot hoop? Hy kyk verby sy omstandighede en hou die “groter prentjie” voor oë.

Hoe kan jy, ten spyte van jou omstandighede, dieselfde hoop as Paulus hê? Hoe gemaak om die groter prentjie, asook die hoop wat dit bring, voor oë te hou?

Hy kom op die wolke

Ten spyte van die sentraliteit en deurslaggewendheid van die wederkoms, is nie alle gelowiges dit eens dat Jesus letterlik en in lewende lywe gaan terugkeer nie. Dit is 'n verskynsel wat selfs in die Bybel genoem word. Party voer byvoorbeeld aan dat die wederkoms van Jesus nie met sy fisiese terugkeer na die aarde plaasvind nie, maar wanneer sy Gees uiting in die kerk op aarde vind. Met ander woorde, die wederkoms gebeur wanneer Christelike sedes in die lewe van die kerk gestalte vind. Ons kan opreg dankbaar wees dat hierdie lering vals is – want as dit die geval was, sou daar mos geen sprake van 'n langtermynverwagting wees nie, of hoe?

Lees die volgende Nuwe-Testamentiese verse wat oor die wederkoms gaan. Wat sê dit vir ons oor die aard en wyse van Christus se wederkoms?

Matt. 24:30 _____

1 Tess. 4:16 _____

Matt. 26:64 _____

Op. 1:7 _____

2 Tess. 1:7–10 _____

“Die hemelruim lyk of dit oop en toemaak, met flitse van die heerlijkheid van God wat periodiek vanuit die tronkamer deurslaan. Die berge skud verwoed. Skerp rotse word oral oor geslinger. Die dreuning, soos van 'n duisend stormwinde, word al sterker. Die onstuimige see kook oor. Skielik sny die skril klank van orkaanwinde, soos die stemme van 'n oormag demone op die oorlogspad, deur alles. Die ganse aarde kreun en kom in beroering soos die golwe van die see, totdat die aardkors begin te skeur. Dit lyk asof die aarde totaal in duie gaan stort. Bergreekse sink weg. Onbewoonde eilande verdwyn. Die hawens, wat voorheen neste van onheil was, beland in die onstuimige dieptes. Ja, die grote Babilon staan voor die regbank van die lewende God, ‘om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn” (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 637). Die wederkoms van Jesus is so geweldig ingrypend dat dit letterlik die aarde tot 'n einde bring. Almal sal weet wanneer dit gebeur ook. Wat Jesus met sy eerste koms vir ons vermag het, sal met sy wederkoms tot sy volle reg kom.

Ons leef dus met die wete dat Hy wel gaan kom. Watter impak het dit op die soort lewe wat ons hier op aarde lei? Hoe kan daardie wete ons help om op dinge van ewige belang te fokus?

Die lewendes en die dooies

Voordat Jesus sy vriend Lasarus lewendig uit die graf bring, sê Hy: “Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook” (*Joh. 11:25, NAB*). Jesus maak egter nie daardie grootse aanname en laat dit net daar nie. Hy voeg woord by daad. Hy maak Lasarus weer lewendig – iemand wat lank genoeg dood was om al te stink (*Joh. 11:39*). Diegene wat in Jesus glo, kom wel te sterwe. Tog sal hulle weer lewe, sê Jesus hier. Dit is juis waaroor die opstanding gaan, en is die rede hoekom die wederkoms van Jesus die grondslag van ons grootste verlange en hoop is.

Lees die volgende teksverse. Wat sê dit? Wat gebeur by die wederkoms met diegene wat in Christus gesterf het? *Rom. 6:5; 1 Tess. 4:16; 1 Kor. 15:42-44, 53-55.*

Ons groot hoop vir die wederkoms is dat almal wat Jesus deur die eeue heen getrou gevolg het op daardie dag dieselfde opstanding sal beleef as wat ons Heer en Heiland Self ook beleef het. Danksy die opstanding van Jesus het elke gelowige die opstandingshoop, daardie sekerheid.

Wat gebeur met diegene wat op daardie blye dag nog lewendig is? *Fil. 3:21, 1 Tess. 4:17.*

God se getroue kinders wat by sy wederkoms nog lewendig is, behou hul liggame, maar nie in die toestand waarin dit vroeër verkeer het nie. Dit gaan op 'n bomenslike wyse getransformeer word, sodat dit net soos die onverganklike liggame is as wat die lewendgemaaktes pas ontvang het. “Die verlosdes wat op daardie dag lewendig is, word ‘in ’n oomblik, in ’n oogwink’ verander. Die Here spreek, en hulle ontvang verheerlikte liggame. Van daardie oomblik af is hulle onsterflik, waarna hulle by die verrese kinders van God aansluit en tesame die Here, in die lug, tegemoetgaan” (Ellen G. White, *The Great controversy*, bl. 645).

Maak ’n lysie van alle wêreldse dinge wat vir jou so belangrik is dat jy liewers die ewige lewe sal prysgee om dit nou te kan hê. Wat staan op jou lysie?

Vir verdere studie:

Die wederkoms van Jesus is egter nie die ontknoping van hierdie hartseer verhaal van die mensdom se dodelike wals met sonde en die lyding wat dit op aarde ontketen het nie. Nee, dit is die absolute hoogtepunt en die verwesenliking van die groot hoop wat elke gelowige ooit gekoester het. Wat is die nut daaronder? 'n Verhaal wat nie tot 'n punt kom nie – ellende op ellende, tragedie op tragedie – totdat die hele hartseer spulletjie op die ewige dood uitloop? Wat gaan word van die arme mens, sonder hierdie hoop wat die wederkoms ons bied? D.J. Opperman beskryf dit besonder goed: “Blinkpapier, mallemeul en wiel/ 'n laphaas en ses honde/ óm en om... die dun spil van die siel” (D.J. Opperman, “Ballade van die Grysland,” in *Groot Verseboek* onder redaksie van D.J. Opperman en hersien deur André P. Brink, Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, 1983, bl. 279.) Gelukkig het ons nou dié opstandingshoop omdat die Woord van God dit bevestig, en boonop male sonder tal. Daardie hoop het ons omdat Jesus ons met sy eie lewe vrygekoop het (*Mark. 10:45*) en Jesus kom beslis terug vir die mens waarvoor Hy daardie hemelhoë losprys betaal het. Die goeie nuus oor die wederkoms staan nie in die sterre geskrywe nie. Die voëltjies wat in die bome kwetter, kondig dit nie aan nie. Hoewel hierdie dinge alles goed en mooi is, en dit 'n mens 'n soort basiese hoop in en oor die teenswoordige wêreld skenk, sê dit nie vir ons dat Jesus eendag gaan kom nie. Dit sê nie dat “die trompet sal weerklink” en dat “die dooies [op daardie dag] as onverganklikes opgewek [sal] word” nie, ook nie dat al die verlosdes “verander” sal word nie (*1 Kor. 15:52, NAB*). Die feit dat ons eendag gaan opkyk en “die Seun van die mens aan die regterhand van die krag van God [gaan] sien sit... wanneer Hy kom op die wolke van die hemel” is iets wat die natuur nie vir ons sê nie (*Mark. 14:62, deels NAB deels OAB*). Nee, dié dinge weet ons omdat die Woord van God dit so beskryf het – en by die beloftes in daardie Woord staan en val ons.

Vrae vir bespreking:

1. Gestel die wederkoms was niks meer as wat party Christene meen dit is nie, te wete die vergestaltung van Christelike beginsels in die lewe van Jesus se volgelingen. Hoewel dit beslis 'n wonderlike uitkoms vir ons Christelike wandel is, laat dit 'n mens egter nie met enige hoop nie. Hoe so?
2. Die siening dat die heelal uit niks ontstaan het nie, kry deesdae groot aftrek. Hoekom is daardie idee so belaglik? Hoekom beywer party hulle daarvoor en hoekom glo party dit? Hoekom is dit meer logies en rasioneel om eerder te glo dat 'n ewige God die heelal en alles daarin geskape het?
3. Laat elkeen nou die lysie wat hy/sy Donderdag opgestel het met mekaar deel (die een oor alle wêreldse dinge wat vir jou so belangrik is dat jy liewers die ewige lewe sal prysgee om dit nou te kan hê). Wat leer julle uit mekaar se lysies? As almal met leë velle papier sit, kan die klas die volgende vraag bepeins: Hoe kan 'n mens seker maak dat absoluut niks in die pad van jou verlossing staan nie, veral aangesien so baie mense dit eendag gaan misloop?